KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

NOVEMBER 2011 EDITION

DIE TIEROGIE

12-13 NOVEMBER 2011

TYGERBERGSTREEK KAMP BY BERGRIVIER

INSIDE THIS ISSUE:

UIT DIE STOEL	2
BERGRIVIER SPORT	5
LIEF EN LEED & DROOGMAKER VAN DIE NAWEEK	6
VERJAARSDAE	7
GEDAGTE VAN DIE MAAND	10

Die volgende kamp sal ons Kerskamp wees by Hollandsche Molen en ons verwag maximum bywoning van al ons lede.

Die volgende kamp sal in Januarie wees by Mountain Breeze in Stellenbosch. Die tarief is R145-00 per nag plus R30-00 saamtrek fooi.

In Februarie gaan ons na Leentjiesklip in Langebaan en die fooi sal wees R45-00 per nag plus R30-00 saamtrek fooi.

Maart maand kamp ons in Bergrivier en daar sal ons die klub se dertigste verjaardag vier. Hou dop vir verrassings.

—Johan van Rensburg

Volgende kamp :

28-29 Januarie :

Mountain Breeze

18-19 Februarie :

Leentjiesklip

17&18 Maart :

Bergrivier

UIT DIE STOEL / FROM THE CHAIR

#

Al die Tygerberglede en medekampers

So te midde van die winter weer in die Kaap word daar weereens deur die vasbyters baie lekker gekamp te Bergrivier. Ja, die naweek se verwagte reën het darem kans gegee tot Saterdagaand sodat meeste hul vleis kon gaar kry. Daar was egter nie weer kans vir die tente om droog te word nie en is maar nat opgeslaan. Dankie aan elkeen wat die weer kom trotseer het.

Te midde van die "ekonomiese druk" het 25 Tygerberg lede en 9 gaste hul weg oop gesien om die naweek saam te kamp en te ontspan.

Baie sterkte aan al die kinders wat tans eksamen skryf. Ons vertrou dat dit sal goed gaan! Aan al die matrikulante ons hou vir julle styf duim vas vir 'n baie goeie en suksesvolle

eksamen.

Die park is weereens in puik toestand vir ons gegee,maar die oord kan tog kyk na beligting aangesien baie ligte uit was veral by die trappe na die badkamers. Braaivleisvure het hoog gebrand en die lede het lekker ontspan. Veral as jy die Vrydagaand al die naweek voorraad deurdraf en die bewyse in ander se dromme gooi. Nee Judge, die Finemaster slaap nie vroeg nie en die SON skyn orals!

Nou lê die Kersnaweek voor. Al die reëlings is in plek en beloof om 'n baie besige, maar lekker naweek te wees. Soos gewoonlik sal Kersvader ook sy draai kom maak en hopelik vir al die kinders 'n ou ietsie saambring. Baie belangrik om te weet dat Kersvader slegs een present per kind kan bring. Kyk na die volledige Kersprogram op die web of via e-pos.

Ons het Sondag iets nuuts probeer met Jacques van Zyl en sy kitaar. Dit het goed afgeloop en die lede het lekker saam gesing. Hy het n baie gepaste boodskap by ons gelos om net weer te besef dat ons nooit verhewe moet wees bo ander nie en dat elke mens, maak nie saak wie of wat hy/sy is respekteer moet word. Die Here het ons innig en onvoorwaardelik LIEF.

Aan ons Hemelse Vader die Dank vir alles wat Hy vir ons moontlik maak.

Karavaan Groete

Hannes



Hannes Mundey
Voorsitter:
KSA Tygerbergstreek

"Alle sterkte en voospoed met ons kinders se eindeksamen "

FOTOS—BERGRIVIER

#

Kry Mario dalk koue voete????
OF het sy moed hom begewe?

Lyk of Mario toe moed bymekaar geskraap het!

En toe word ons dors...

Hierdie dag was net te lank...

Julle dink ek maak 'n grap, ek bel nou my ouma...

KSA TYGERBERGSTREEK

#KERSKAMP 2011

U Word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse Kerskamp te Hollandsche Molen

26 - 27 November 2011

Vrydag aand - Sing van kersliedere by kerslig, bring asb. kerse saam.

Saterdag oggend 10:00 - Kersvader ontmoet die kleintjies by die oord se ingang en ry met hulle op die trekker en wa tot by die tent en kersboom. (Ouers word versoek om vir hul kinders (onder 12) elkeen ‘n geskenkie te koop van onder R100 en onder die kersboom te sit. Kersvader sal dan die geskenkies aan elkeen uitdeel. Verassing vir elke kind vanaf KSA Tygerbergstreek. Lede word gevra om ook hul gaste in te lig oor die koop van geskenkies sodat daar nie ongelukkige kinder hartjies is nie.

Saterdag aand - Bring en braai by die tent, hout en musiek sal voorsien word. Geniet ‘n gesellige aand saam met vriende.

As ’n gebaar van dankbaarheid teenoor al die lede wil Tygerbergstreek die volgende aanbied:

Elke lid wat vanaf Nov. 2010 tot Nov 2011 ses kampe voltooi het, sal ‘n gesubsidieerde tarief van een nag ontvang.

Was dit ‘n moeilike jaar vir u en kon u nie ses kampe voltooi nie? Moenie bekommerd wees nie!

Tygerberg het ook vir u voosiening gemaak. Elke lid wat 3-5 kampe voltooi het sal R100 subsidie ontvang.

Moenie hierdie geskenkie misloop nie, dit kom net een maal per jaar. Lede wat nie vir die kriteria kwalifiseer nie, is ook welkom teen ons normale afslag tarief.

Hoop om u daar te sien.

Kersgroete

KSA Tygerbergstreek

Komitee

BERGRIVIER SPORT

#

Daar was ongelukkig geen sport die naweek nie en daar sal ook nie die Kersnaweek te Hollandsche Molen enige sport aktiwiteite wees nie.

Ek wil egter die geleentheid gebruik om die lede in te lig dat die eerste kamp in Januarie 2012 by Mountain Breeze ons 'n Boere sport oggend gaan hou. Vir die lede wat nie kans sien vir die aktiwiteit nie sal daar ook Pentaques aangebied word. Soos by Snoektown gaan ons drie been resies, sak resies, aartappel hardloop en bottel vol maak aktiwiteite hê. Ek sal voor Mountain Breeze kamp die naweek program aan julle stuur.

Onthou enige aktiwiteit wat Tygerberg Streek aanbied is net suksesvol as sy lede dit ondersteun.

Sport Groete

Morné



VLOOIMARK SATERDAG 10H00—15H00

Ons hou elke Saterdag van 'n kampnaweek 'n Vlooimark. Alle lede is welkom om hul produkte te kom verkoop teen R50 per stalletjie. Tygerberg sal dan die Wit Olifant tafel he wat bestaan uit skenkings van ons lede. Lede moet asb. alle items wat hul wil skenk Vrydagaand tydens intekening aan die marshalls oorhandig. Stalletjies moet bespreek word by Marisa op die laaste Dinsdag voor elke kamp. Die R50 vir elke stalletjie (tafel) sal Saterdag ingevorder word deur die komitee. Bring jou tuisgebak, juwele, lekkernye, handwerk ens. Ons maak staat op ons lede se deelname aangesien dit 'n manier is om fondse in te samel wat aangewend word vir die lede.

LIEF EN LEED VAN DIE NAWEEK BERGRIVIER

#

Aan al ons skoliere en studente:

Die laaste eksamen vir die jaar het aangebreek en alle sterkte word julle toegewens! Mag julle die wysheid en krag van Bo kry en ‘n sukses daarvan maak.

Morné

DROOGMAKER VAN DIE NAWEEK BERGRIVIER

Baie geluk aan Jacques wat die lepel die naweek gekry het.

Glo – Sticks

Ons kindertjies moet onthou dat daar by elke kamp

Glo – sticks te koop is teen R2.50 een.

PETROL LOOITJIE WENNER

Baie geluk aan Mario Snyman wat die petrol lootjie gewen het

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag dit 'n mooi jaar vir elkeen wees.

Gerhard Strauss—2 November
Corne Opperman—3 November
Johnathan Potgieter—3 November
Zandri Kotze—3 November
Fourie Booysen—6 November
Jaco Etzebeth—7 November
JP Snyman—8 November
Elke Greybe—9 November
Harriet Keller—9 November
Gerrida Laubsher—9 November
Gerda Olivier—10 November
Cimonais Etzebeth—11 November
Lizane Robinson—14 November
Dane de Waal—15 November
Franco Alberts—15 November
Annie de Villiers—16 November
Michelle van den Berg—16 November
Quarlean Le Roux—17 November
Nico Alberts—18 November
Justin Tancrel—19 November
Martie Lerm—20 November
Milan Dreyer—21 November
Leandri Etzebeth—22 November
Helena van Schalkwyk—22 November
Jacques Theron—23 November
Mot Smal—24 November
Kayla Leonard—24 November
Johan Swartz—24 November
Eddie De Kock—24 November
Lizel Visser—24 November
Wehan Swarts—24 November
Jandre Immelman—25 November
Peggy Basson—25 November
Anelene Joosten—25 November
Ashleigh Webb—26 November
Jandre Loubser—27 November
Nico de Bruyn—28 November
Ilze van Zyl—28 November
Nicolize Decker—29 November
Steve Immelman—29 November
Riandri Visser—29 November
Lyzette Snyder—30 November

SOSIAAL

Met die Kerskamp om die draai, kom daar altyd geskenke. Ouers, onthou asb die geskenkies se waarde is R100. As julle gaste het wat kom saam kamp, onthou om dit aan hulle te noem.

Vir die van julle wat nog nie 'n kans gekry het om looitjies te koop vir die KWV Roodeberg Heritage Collection wyne(6 bottels) nie, sal daar die Vrydagaand by inskrywings en deur die loop van Saterdag looitjies beskikbaar wees. Kaartjies kos maar net R5.

Sien julle by die Kerskamp!

Mario Snyman

#

MYLPALE / MILESTONES

First Ralliers

Gideon & Mona Bruwer

Glen & Jo-Anne Leonard

Francois & Samantha Kotze

10de Nasionaal

Koos & Ronelle Stoltz

Gordon & Samantha Murison

20ste Streek

Johan & Corianna Van Rensburg

WELKOM AAN ONS GASTE EN BESOEKERS BERGRIVIER

Gaste (1st keer)

Maritz
Brends & Linelle Wilkinson
Eddie & Lenie Visser
Johan & Theresa Burger
Cobus & Charlotte Bowley

Gaste van Lid

Jeff & Siobhan Wedgwood
Jacques & Nicolize Decker
Francois & Samantha Kotze
Gideon & Mona Bruwer
Jacques & Annelize Van Zyl



Gaste (2de Keer)

Kobus & Anje Loubser
Werner & Juzaan Lubbe
Renate Bosch

Gaste van lid

Jurie & Marisa Burger
Chris & Louisa Groenewald
Danie Bosch

#

ADVERTENSIES

#

Let wel : Advertensies moet in jpeg formaat gestuur word tesame met die bewys van betaling.

Eugene Ehlers
Director / Direkteur

Tel: (021) 558 4582
Sel/Cell: 083 644 6993
Faks/ Fax: 086 517 5013
E-mail/ E-pos: eugene@titanrm.co.za

TRM
TITAN RISK MANAGEMENT
TITAN RISIKOBESTUUR
FSP 10887

"Korttermynversekeringsmakelaar vir KSA Tygerberg / Short term insurance broker for CCSA Tygerberg"

LABOURWISE
www.labourwise.co.za

THE EMPLOYERS CHOICE for all labour matters, standard documentation (warnings , contracts, notices, etc.) and **FULL TELEPHONIC & EMAIL support** for the day-to-day management of employees.

Contact Pieter Human on 086 010 2871 and/or info@labourwise.co.za for

Sjokolade Mousse

Bestanddele

400 g Donker Kook Sjokolade

30 ml Melk

6 Groot eiers geskei

30 - 45 ml Cointreau likeur of Lemoensap

250 ml Vars room

60 ml Strooisuiker

Gerasperde Lemoenskil

Metode

Plaas melk en sjokolade in 'n bak oor 'n kastrol met stadig kokende water. Roer kort kort totdat die sjokolade gesmelt en romerig is. Haal van hitte af en laat koeler word. Voeg die eiergele een vir een by en roer goed na elke byvoeging. Voeg likeur of lemoensap by. Klits die room tot punte vorm. Voeg die strooisuiker by die room en klits tot styf. Vou die room in die sjokolade mengsel in. Klits die eirwitte styf en vou in die sjokolade mengsel in. Gooi mengsel in individuele bakkies in of gooi in een groot bak. Maak bak toe en sit in yskas vir 4 ure. Versier met lemoenskil net voor opdiening.

Wenk : Genoeg vir 8 na 10 mense. Vir 50 porsies maak die resep 3 keer aan. Vir 100 porsies maak die resep 5 keer aan.

GEDAGTE VIR DIE MAAND



#

Hebreërs 4:12

Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

1) Hoe goed ken jy jou Bybel? (God se Woord)

2) Dit is 'n beste maatstaf vir enige situasie waarin jy jouself kan bevind.

3) Dit is die bron waarvan al jou antwoorde moet kom.

4) Hoekom? Want God se Woord skei (sny) tussen reg en verkeerd.

5) Sy Heilige Gees wat in jou woon sal dit vir jou uitwys.

6) God self noem sy Woord die beoordelaar.

Gebed:

Ons Vader in die hemel. Dankie vir U lewende Woord, help my Vader om u Woord te leer sodat ek wyse besluite in my lewe kan neem. Amen.

Sien julle by die volgende kamp - De Hollandsche Molen

De Hollandsche Molen started in the early 1900's by a Hollander. At that stage it only consisted of a swimming pool, camping site and the famous Mill. During these times the Mill was used as a tea room which was well-known. The Duplooys (Rina & Nico) took over in 1988 and have been managing the place successfully for over 20 years and built it to what it is today. In 1991 De Hollandsche Molen was changed to a shareblock resort, from here the public could purchase permanent housing and plots. In 1994 the infamous Mill was restored to its original glory and in 1999 Rina started Tulip Functions having their first event on the 1st Jan 2000 - the Millennium Party. Rina and Nico have since 1988 created an oasis resort and boasts many international visitors. They have created an international recognised resort which caters for the entire family...

Directions From Cape Town International Airport:

1. On leaving the Airport make your way to the N1 via the R300, turn left onto the N2 to get to the R300
2. Proceed along the N1 until you get to Paarl. Just as you enter Paarl you will see a sign "Main Road / Franschhoek".
3. Turn right under the bridge. About a kilometer further on is a sign "R45 Franschhoek". Turn left onto the R45.
4. It is now about 30 km to Franschhoek. The trip to Franschhoek should take about 20 minutes.
5. After you cross the Berg River Bridge, before you get to Franschhoek, you must turn left onto the R301
6. Follow this road for about 2km until you see the entrance of De Hollandsche Molen on your left.

** An hour's drive from Cape Town ** 30 minute drive from Paarl / or Stellenbosch ** 10 minute drive from Franschhoek

We have 76 Caravan sites

- All with electricity
- Beautiful lawns
- Opposite main swimming pool
- Big Screen TV available in hall for special events only
- 3 X Ablution Blocks
- Plus - Entertainment programs during all festive seasons for both children and adults

KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

Posbus 1797
Brackenfell
7560

Tel: 021 981 5821
Faks: 086 656 3345
E-Pos: tygerberg@caravanclub.org.za
Webtuiste: www.caravanclub.org.za

ONDERVIND DIE KARAVAAN LEWE SAAM MET TYGERBERGSTREEK

KSA TYGERBERGSTREEK KOMITEE

Titel	Komittee Lid	Telefoon Nommer	Faks Nommer	E-Pos Adres
Voorsitter	Hannes Mundey	082 492 7126	086 532 8824	hannes@bravoevents.co.za
Onder-Voorsitter	Chris Groenewald	083 302 0471	086 616 0768	chrisgr@mweb.co.za
Sekretaresse	Marisa Burger	078 788 5262		marisa.burger@vodamail.co.za
Tesourier	Jaco Etzebeth	083 789 7600	086 607 6076	jaco@advalorum.co.za
Hoof Saamtrekbeampte	Johan v Rensburg	082 771 1831		johanrenS@telkomsa.net
Lede Diens	Morne Van Schalkwyk	082 324 7558		morne.vanschalkwyk@dcs.gov.za
Sosiaal	Mario Snyman	082 5759 432		mario@mscargoservices.co.za
Smous	Marika van Eck	084 839 2042	086 604 9576	smous.trader@gmail.com
Redakteur	Marlene Etzebeth	082 484 4284	086 607 6076	jmc@etzebeth.co.za

Disclaimer

The views expressed in this publication are not necessarily those of the editor, the region/club or committee and they do not accept liability for them. While every care is taken with reproduction of photos and other submitted formats and articles, the persons above do not accept liability for loss or damage to the articles supplied.